DEEL 114 | WEEK 41 | 14 OKTOBER 2022 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R75

heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078

POSTNET HEILBRON

# Man vermoor vrou, hang homself




Wat 'n ontspanningsuitstappie vir twee vriende moes wees, het 'n rillereinde gehad toe hulle op die lyk van 'n plaaslike inwoner afgekom het.

Thys Davids (22) en Morris Russell (18) het Maandagoggend om 9:00 na die Uniefeesdam op Heilbron geloop om daar hul kettievernuf op die proef te stel. Volgens Davids was hul met hul aankoms by die dam alleen op die terrein. Om 11:00 het die twee weer koers gekry huis toe, toe hul iets vreemd agter die eerste damwal naby aan die pier opgemerk het.

Met verdere ondersoek het die vriende op 'n liggaam wat aan 'n boom hang afgekom. Davids en Russel het toe die polisie van die gruwonds verwittig.

Met die polisie se ondersoek is 'n pillehouertjie by die oorledene gevind en met die hulp van Tokollo-hospitaal kon sy adres vasgestel en sy stiefma, Nomasando Vilakazi, opgespoor word. Vilakazi het die oorledene as Pheanius Jacob Motaung geïdentifiseer. Onder Motaung se besittings wat aan Vilakazi oorhandig is, was ondermeer die sleutel van sy huis.

Vilakazi is saam met die polisie na die huis om Motaung se lewensmaat van sy dood in kennis te stel. Met die oopsluit van die deur het 'n onaangename reuk egter die geselskap oorval en met verdere ondersoek is die liggaam van 'n onbekende vrou in die slaapkamer onder die bed ontdek. Die liggaam was in komberse toegedraai en dit wil blyk asof sy verwurg is. Die vermoede bestaan dat Motaung die vrou oor die naweek vermoor en toe uit skuldgevoelens homself om die lewe gebring het.

Intussen sukkel die twee vriende wat op Motaung se lyk afgekom het om die gebeure te verwerk. "My seun sukkel om te slaap," het Lizbé Fourie, Russell se ma, vertel.

Die polisie se ondersoek duur voort.

ALWAYS BEEN DREAMING OF HAVING YOUR OWN BUSINESS?

• Designing and singage business for sale

• Currently located in Eastern Free State

• Roland printer with cutter and all other equipment as is

• All vinyls printing, canvases, tshirt printing, mug press, eyelid press, cap press etc.

ink GRAVE FOR ALL YOUR PRINTING & CORPORATE NEEDS

CONTACT 082 819 1000 FOR FURTHER INFO AND PHOTOS.

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING

Donderdae – Royal Auction Centre

VIR KRAALBESPREKINGS EN INSKRYWINGS, SKAKEL:

Piet Boshoff: 083 210 7135 of Jan Hendrik Claassen: 074 490 5451





BKB The Trusted Home of Agriculture Die Betroubare Tuiste van Landbou

www.bkb.co.za

HIGH FERT HF KUNSMIS

Johnny Claassen 082 779 3417

JCB

Eben Claassen 072 581 7627

WILGE CHEM

Vir al jou chemie en kunsmis behoeftes!

# Uit die pen: Week 41 van 2022



Die skool het regtig alles wat kan loop- en toemaak. Die grootste bederf is die laboratoriumassistent. Lynkie word een van my bondgenote. Sy is haar gewig in goud werd. Elke twee weke stuur Lynkie vir elkeen in ons departement 'n rooster waarin sy aandui watter praktiese sessies gedoen moet word. Vir elke liewe onderwyser in die departement. En sy behartig die praktiese sessies.

Wanneer niere gedissekteer moet word, het sy al vroeg die oggend ses splinternuwe, vars niere by die slagpale gaan haal. Dis nou ses niere per klas. Daar is dalk so vyf klasse in die spesifieke graad, en dit maak dit 30 niere. Net vir vandag. Dieselfde met longe, hart, dalk 'n been of twee.

Lynkie en haar helper, Lizzie, glip saggies in jou klas in, so 10 minute voordat die praktiese sessie aanbreek. Hulle pak die dissekteerborde, messies, pinsette, wat ook al benodig gaan word, uit. So stil soos muise terwyl ek met die klas aangaan. Wanneer die praktiese periode begin, is alles gereed.

Lynkie kan die hele klas behartig, as dit die onderwyser se keuse is. Sommige gryp natuurlik die geleentheid aan om te gaan tee drink of administratiewe werk in te haal. Ek het dit verkies dat ons dit so saam-saam doen. Dit is immers deel van my pligte.

Ek deel die wit laboratiumjassies uit (meet sommer so met die oog: dit kan 'n verleentheid wees as ek 'n small jassie vir 'n duidelike nie-so-small meisie gee.) Sodra almal hulle jasse aan het, toegeknoop het en seker gemaak het dat daar niks uitsteek nie, begin ons sessie.

Lynkie verduidelik wat ons gaan doen, ek vul aan. Dan begin ons lekker speel: die kinders (diegene wat gril mag maar plastiekhandskoene aantrek) druk hulle vingers deur die hartkleppe, Lynkie blaas die longe op dat hulle ligpienk-deurskynend word, almal kyk na iets onder die mikroskoop.

En ja, daar het al twee meisies in die klas spierwit geword en amper-amper omgekap. Dit is dan daar waar hulle besef dat 'n mediese rigting nie vir hulle is nie.

Klokslag wil hulle iets afneem met hulle selfone. Nugter weet wat hulle met fotos van harte en longe gaan maak, maar ons laat hulle soms begaan, solank hulle net nie gesigte afneem nie.

Lynkie bring met een praktiese sessie 'n Van de Graaffontwikkellaar saam klas toe: ons doen statiese elektrisiteit. Ons doen eers die vervelige dinge: kyk na die statiese elektrisiteit se vonk, sit 'n opgeblaasde ballon by die kop van die ontwikkellaar, dan 'n klossie sintetiese hare wat almal orent staan.

Die avontuurlikes mag dan nader staan: as jy lang hare het en jy aan die kop van die ontwikkelaar vat, staan elke liewe haar orent. Groot pret!

Lynkie word 'n goeie vriendin.

Die kollegas in die departement is meestal mense by wie ek aanklank vind, behalwe vir een persoon. Sy vertel aan almal wat wil weet dat sy Italiaanse bloed het, en dat sy derhalwe nie verskoning hoef te maak vir haar woedeuitbarstings nie. Aanvanklik het ons goed oor die weg gekom, en ek het haar Italiaanse aanmerking met 'n knippie sout geneem. Tot een dag.

Ek kan nie eers onthou wat daartoe aanleiding gegee het nie, maar sy trek een oggend los en verskree my. G'n mense weet hoekom nie. Ek staan verslae, en byt my trane terug. Simpel blêssitse vrou, dink ek.

'n Uur of twee daarna loop ek vir Lynkie raak: Het ek gehoor wat met daardie Italianer gebeur het?

Nee, vertel my.

Sy het nou net flou geword en met haar kop teen die kas geval.

Het sy seergekry?

Nee, gelukkig nie. Dit kon soveel erger gewees het, hulle is so bly dat sy weer beter voel.

Ek het 'n reuse binnepretoomblik. Ja, ek weet ons moet dankbaar wees dat sy nie seergkery het nie, maar my effense sadistiese streep kry die oorhand. Ek moes met mening 'n glimlag onderdruk. My gryse ou pa het van die "blinde sambok" gepraat. Hoe dan nou anders?

Alles wat jy doen kom terug na jou toe. Wat jy saai sal jy maai. Wees goed vir die medemens, sê Nic-se-goed elke Sondagmiddag skuins voor 13:00 op rsg.

En ek was die enigste een wat nie tydens 'n departementele vergadering oor hierdie Groot Val gesimpatiseer het nie.

Het ek al gesê ek het 'n sadistiese streep? Diep, diep binne my. Wat net soms na die oppervlak kom.

Dan was daar die oormaat identiese tweelinge. Een van hulle was in graad 8. Albei was afwesig met 'n toets en die ouers het gereël dat hulle die toets mag oorskryf. Dit word in 'n spesiale toetsperiode net na skool gedoen. Sou die leerders dan ander bedrywighede hê, moes die toetse voorkeur kry.

Ek het nie geweet dat daar 'n tweeling in Graad 8 was nie, want in my klasse het ek net altyd een van hulle gesien.

Op daardie dag het die Visuele Kunstedepartement 'n uitstalling, en ek stap soontoe. Ek sien die meisie wat later haar toets moet kom oorskryf. Ek sê vir haar dat sy moet onthou wat ek vroeër vanoggend in die klas gesê het oor waar en wanneer sy die toets moet kom oorskryf. Ek kry 'n snaakserige kyk van haar af. But then again: sommige mense is maar snaakserig.

En so breek later aan.

Ek staan in die klas, maan almal tot stilte en begin die toetse uitdeel. Daar is meer as een leerder wat meer as een toets kom skryf. Dit verg kophou.

Ek gee vir die graad 8 meisie haar toets en soek die ander persoon wat ook moet skryf. Ek draai om. Binne-in dieselfde meisie se gesig.

"Nou vir wat het jy jou sitplek verlaat! Jy weet mos jy moet bly sit en jou toets skryf!"

Ek vererg my liederlik.

Ek draai weer om: die meisie sit ewe skielik weer op haar plek.

En ek draai weer om: die ander meisie staan steeds waar sy gestaan het.

Natuurlik! Dis 'n tweeling! Nodeloos om te sê dat ek effens dronkgeslaan én verleë was.

# Warning signs of Suicide

• *Heilbron Clinic*

**1. Thoughts**

*The person is preoccupied (obsessed) with thoughts of death and exhibits the following signs:*

- a specific plan for a suicide attempt
- the means and determination of carrying out the act of suicide
- suicide threats, notes or repeated statements about his or her death
- a previous suicide attempt
- expressing thoughts regarding the death of a loved one who committed suicide
- making final arrangements, e.g. giving away favoured possessions, writing a will, putting relationships in order
- sudden apparent resolution of difficulties manifesting as calmness, indicating suicide as a solution.

**2. Loss**

*The person has experienced significant (possibly recent) changes in a relationship and or environment.*

- loss of a loved/important person through death, divorce or separation
- loss of something that a person loved dearly
- loss of employment, financial security or status
- loss of health, in the form of serious illness or chronic pain
- geographical move or job change.

**3. Motivation and behaviour**

*The person exhibits observable changes in motivation and behaviour.*

- decreased work of academic performance
- persistent lateness or unexplained absences from work or school
- decreased social activity, isolation, withdraw
- apparent loss of involvement in interests and hobbies
- aggressiveness, moodiness, extreme tension, agitation, restlessness
- lack of concentration, preoccupied
- self-abuse:
- physical mutilation or selfinflicted injury (hurting him/herself)
- taking unnecessary risks
- substance abuse
- change in sexual behaviour
- lowering of personal hygiene standards and neglect of appearance
- lack of future plans.

**4. Feelings**

*The person shows observable changes in his/her emotions or personality.*

- self-dislike: "I hate myself", "I'm no good"
- feeling hopeless and helpless
- feeling misunderstood and unappreciated
- signs of severe depression
- cries easily
- communication that life is too painful or difficult
- loss of pleasure

**5. Physical symptoms**

*The person shows physical (bodily) changes*

- loss of or increase in appetite; weight changes
- change in sleeping patterns
- always very tired
- loss of physical and mental energy
- terminal illness or chronic pain

**6. Conclusion**

*Various combinations of warning signs may indicate that a person is at risk. If there is uncertainty when assessing an individual's suicidal risk, it is always saver to be overcautious.*

# DWELMVERSLAAFDE SAK INEEN

'n Beweerde dwelmverslaafde is Dinsdagmiddag in Langmarkstraat oorlede. Daar word geglo dat diè man een van die groep van ongeveer 20 dwelmverslaafdes is wat vanaf Frankfort na Heilbron gevlug het nadat lede van die Mafube-gemeenskap hulle aangeval het.

Twee beweerde dwelmhandelaars is in Frankfort vermoor en die SAPD is na die toneel van die aanval ontbied. Daar word vermoed dat een van die mans wat in Frankfort vermoor is deur 'n groep gemeenskap-lede geslaan is. Op 29 September 2022 is inligting ontvang dat daar 'n tweede slagoffer naby die Mafube kerk gevind is. Na verdere ondersoek word beweer dat die oorledene ook dwelms in die Mafube distrik verkoop het en deur lede van die gemeenskap aangeval was. Die gemeenskap van Mafube word gewaarsku om nie reg in hul eie hande te neem nie.

# MISLUKTE PROJEK NOU ONDERSOEK

Die onvoltooide voetgangerbrug tussen Sandersville en Seksie 5 maak steeds opslae. Die peperduur kontrak vir die bou daarvan word nou deeglik ondersoek deur MPAC. Dis Ngwathe se staande raadskomitee oor openbare rekeninge wat onder meer munisipale onreëlmatighede, of selfs net die vermoede daarvan, ondersoek. Die komitee is opdrag gegee om al die omstandighede rondom die sluiting en uitvoering van die kontrak onder die vergrootglas te plaas.

Werk aan die mislukte projek het reeds in Februarie begin, en moes verlede maand voltooi word (Heilbron Herald, 30 September). Konstruksie is opgeskort ondanks 'n bykomende R7,6 miljoen wat Ngwathe se nuwe raad verlede Desember goedgekeur het. Die ekstra geld was vir 'n geplaveide toegangspad na die beoogde brug. Dit het die totale kontrakkoste tot R30 miljoen verhoog.

"Maar net een kwart is voltooi, en die perseel lê lank reeds verlate, sonder enige werkers of toerusting," sê DA-raadslid Robert Ferendale.

Rdl Ferendale het tevore die munisipale projekbestuurder om antwoorde gevra. Hy het eenvoudig geswyg. DA-raadslid Saal de Jager, 'n sakeman van Parys, het versoek dat die kwessie weer op die agenda van die volgende vergadering van die Infrastruktuurkomitee gevoeg word. "Ek, en raadslede van ander partye, ook van die ANC, het reeds vrae gevra," sê hy, "maar min het daarvan gekom."

Raadslede maak nou staat op antwoorde vanaf MPAC. Die komitee het wye magte van ondersoek, en kan selfs trae getuies dagvaar om te verskyn en vrae te beantwoord.

"Heilbron-mense het die reg om uit te vind wat met die geld gebeur het, en waarom hul brug en toegangspad nog net 'n gebroke droom bly," sê Ferendale.

POSTNET HEILBRON
Besigheidsure:
Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30 | Saterdae: 09:00 -12:00
Elsstraat 42 • HEILBRON • Tel: 058 853 0006



# ILZE SKITTER BY MODE-KOMPETIESIE



*Op die foto voor 2de vl: Ilze Delport.*

Ilze Delport, oud-Heilbronner en talentvolle mode-ontwerper, het die naweek by die Vaal Mall in Vanderbijlpark aan die "Vaal Designer of the Year"-kompetisie deelgeneem. Die kompetisie was in drie kategorieë verdeel waarvoor 'n totaal van 66 mode-ontwerpers ingeskryf het en 40 van die inskrywings die finaal gehaal het. Die kategorieë was bepaal deur die hoeveelheid ondervinding wat ontwerpers het. Kategorie een was vir mode-ontwerpers met geen ervaring, kategorie twee vir mode-ontwerpers wat nog studeer en kategorie drie was vir ontwerpers wat reeds bestaande besighede bedryf. Ilze, wat twee jaar lank by North School of Destiny studeer het, en reeds 10 jaar lank haar eie klerewinkel besit (Ilze Delport Couture in Vanderbijlpark) het in kategorie drie weggestap as wenner. Sy vertel spottenderwys dat sy ingeskryf het omdat haar ma haar forseer het, maar die eintlike rede vertel sy, is dat sy meer as 10 jaar laas aan kompetisies deelgeneem het, en dat sy 'n nuwe uitdaging wou aanpak. Ilze sê dat haar raad aan enige jong persone daar buite is om hul drome te volg en dat niks onmoontlik is nie. Deur alles in te sit sal mens groot hoogtes bereik.

# RIOOL LOOP DAE LANK IN UNIEFEESDAM



Inwoners van Heilbron is hewig ontsteld oor die liters en liters rou rioolwater wat in die Uniefeesdam inloop. Die riool vloei blykbaar 'n paar dae reeds in die dam, en wek groot higiëniese asook gesondheid bekommernisse. Dit is geen geheim dat rioolwater 'n gereelde probleem in Heilbron is nie. Die feit egter dat die munisipaliteit amper nooit kennis dra van so 'n geval nie, maar die helfte van die dorp se inwoners dra daarvan kennis, maak almal woedend. 'n Inwoner het Dinsdag die waterkwessie onder die Heilbron Herald se aandag gebring. Francis Moeketsi, bestuurder van Ngwathe in Heilbron, is in kennis gestel met die hoop dat die probleem so gou as moontlik aangespreek sal word.

# KLIP IN HERGEBRUIK



*Na die bevel deur die Heritage Foundation dat die ou gebou wat JC Pretorius gesloop het moet inkorporeer met die nuwe gebou, het Pretorius dit gedoen. Die gemeenskap van Heilbron beskou die gebou-kwessie as gedane sake, en alhoewel dr Hendrik Auret van die Heritage Foundation die saak oorhandig het aan die Free State Heritage Resources Authority, staan die gemeenskap bankvas agter Pretorius. Die gemeenskap is huidiglik meer ongelukkig oor die verandering van die Hotel en vereis dat daar ondersoek ingestel word. Die vraag wat die meeste inwoners vra is hoekom daar 'n groot bohaai opgeskop word oor 'n nuttelose ou gebou wat geen aanwins tot die dorp is nie, maar 'n gebou wat gelys is en deel van ons geskiedenis is, word daar nie 'n woord oor gesê nie?*

# ALLE KANKER "SURVIVERS" WORD UITGENOOI

*27 Oktober 2022*

Heilbron Kliniek nooi graag alle kanker "Survivers" om 'n middag saam met hulle te geniet.

**Datum: 27 Oktober 2022**
**Tyd: 14:00**

Laat weet asb. teen 21 Oktober 2022 sodat die nodige reëling getref kan word.

Dit sal 'n voorreg wees om die middag saam te kuier.

Kontak vir Hettie by 084 251 1921 of Riekie 083 781 8891 vir enige verdere navrae.




# BRONNIES VERWELKOM VOORNEMENDE GRAAD 1'S




*Ongeveer 40 stralende gesiggies het Hoërskool Heilbron die 13 de Oktober tydens die skool se graad 1 Opedag besoek. Die voornemende graad 1 leerlinge was hartlik deur Juffrou Monica asook Mnr. David Knight (waarnemende skoolhoof), verwelkom. Die ouers het in die saal byeengekom waar hulle ingelig is oor die toekomstige jaar se planne, terwyl die amper nuwe Bronnie-tjommies buite baie pret gehad het met aktiwiteite wat deur die skool aangebied is.*
*Op die foto vl: Monica Roux en Winnie Meiring.*



*Henro Theron leerling van Hoërskool Reitz het die week in Bloemfontein aan die Mental Maths deelgeneem. Die uitslae van Henro was tydens druktyd nie beskikbaar nie.*



***J. A MALHERBE PRIMÊRE SKOOL:*** *Qulene Malindi, leerling van J.A Malherbe primêre skool, het Woensdag 12 Oktober deelgeneem aan die Vrystaat rondte van die Mental Math-kompetisie in Bloemfontein.*

# REITZ SKOLE NUUS

***HOËRSKOOL REITZ:*** *Leerlinge van aan die Komodo Dragons Karateklub het die vakansie aan die WSKF Nasionale kampioenskappe in Vanderbijlpark deelgeneem. Deelnemers was afkomstig van reg oor die land. Die volgende karatekas het medaljes verwerf: Wilhelm Nel: Goud Kata, Silver Kihon Kumite*
*Johan Oosthuizen: Brons Shiai Kumite*
*Danlo Kriek: Brons Kata.*












# IN DIE HUWELIK BEVESTIG



*Andries en Bernadine Nel is getroud op die 1ste Oktober 2022 te NG-Kerk Moedergemeente. Andries is die seun van André en Santie van Sasolburg en Bernadine is die dogter van Bennie Coetzer en Ina Coetzer vanaf Heilbron. Die egpaar vestig hulself in Heidelberg.*



*Johan en Elandi Broodryk is getroud op 30 September 2022 te Lace on Timber Pretoria. Johan is die seun van Gielie en Rose Broodryk van Heilbron en Elandi is die dogter van Hendry en Erina Hanekom van Upington. Die egpaar vestig hulle in Heilbron.*



*Marnitz en Sunelle Els is getroud op die 1ste Oktober 2022 te Bona Bona. Marnitz is die seun van Thys en Elbie van Heilbron en Sunelle is die dogter van Barend en Trudie van der Westhuizen vanaf Vanderbijlpark. Die egpaar vestig hulself in Badplaas Mpumalanga.*




## REGSTELLING

### HEILBRON HERALD - 7 OKTOBER 2022



*Dries en Rizette Bester is op 24 September 2022 te Skierlandgoed, Oranjeville getroud. Dries is die seun van Yvonne Smit van Heilbron en Rizette is die dogter van Gerhard en Riëtte Marx van Heilbron. Die egpaar vestig hulle in Heilbron.*






# CROSS COUNTRY

*Bongani Sthembiso Maduna (O/15) learner of Phirihadi public School represented the Free State at Walter Sisulu University Potsdam Campus, East London on the 1st of October for Cross country Athletics. National position 23rd.*



# KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE PETRUS JOHANNES SLABBERT,** Identiteitsnommer: 490926 5015 089 in lewe 'n BOER woonagtig te **RUSTPLAAS, REITZ, 9810.** getroud buite gemeenskap van goedere.
**DATUM VAN AFSTERWE: 27 MEI 2022**
**BOEDELNOMMER: 008321/2022**
Kennis geskied hiermee aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (Dertig) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6**
**REITZ, 9810**

## KENNISGEWING VAN BOEDEL WYLE JAN SKOSANA

In die boedel van wyle **JAN SKOSANA, Identiteitsnommer 450818 5316 088** in lewe 'n ONGETROUDE PERSOON wie woonagtig was te **Petsana 1072, Reitz, 9810, Vrystaat** en oorlede is op **13 Junie 2016**.
**BOEDELNOMMER 006960/2021**
Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 35(5) van Boedelwet 66 van 1965, soos gewysig, dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening te die kantore van die Meester van die Hooggeregshof Bloemfontein en Landdroskantore te Reitz gedurende 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie, ter insae lê vir alle persone wat daarby belang het. Indien binne genoemde tydperk geen besware daarteen by die betrokke Meester ingedien word nie, sal die eksekuteur oorgaan tot uitbetaling ingevolgde die gemelde rekening.
Geteken te Bethlehem op hierdie 27ste dag van September 2022.
**SJ VENTER**
**CAMBRIDGESTRAAT 110**
**POSBUS 96**
**BETHLEHEM, 9700**
**TEL: 058 050 0494**
**E-POS: flip@sventerlaw.co.za**
**VERW: SJ VENTER/lo/SKO11/0001**

**TE KOOP**
**2019 ISUZU 3L D-MAX**
27 000 km. Prys R410 000 (of naaste aanbod).
Soos nuut.
Skakel 083 651 4570

# SUDOKU

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2 | | | | 8 | 7 | | | 5 |
| 5 | 1 | | | 9 | | 7 | 6 | |
| | 3 | 7 | | | | 9 | 2 | |
| 6 | 4 | | 8 | 2 | | | 5 | |
| | 2 | | | 5 | | | | 6 |
| 3 | | 5 | | 6 | 9 | 2 | 8 | 4 |
| 1 | | | 9 | | | 6 | 7 | |
| | | | | | 5 | | 3 | |
| | 8 | 2 | | | 1 | | | 9 |

SUDUKU -
Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

Laas jaar het ons in LEVELS gelewe... Die jaar lewe ons in STAGES




# TE KOOP

**ROTTWEILER TE KOOP**
Rottweiler het al 3 "puppy" entings gekry, rabies ent en ontwurming is reeds gedoen. Opreg.
Prys: R5 500
Skakel 076 212 1474
Koppies
DB

**HEILBRON HERALD**
IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR
**BUY TWO GET ONE FREE**
Book and pay two adverts and receive one free on all advertisement options!
Valid until 31 October 2022.
heraldnuus@heilbron.co.za | 058 852 3033

**Koppies Internet**

Vinnige Wireless Internet, installasies en diens, beskikbaar in Koppies en naby geleë plase.
Kontak ons vir enige navrae of bystand:
068 338 2916
Jenny Wireless Internet

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron
R




**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**

Hugo Groenewald
082 569 7205
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
www.vleissentraal.co.za
JJ Hadebestraat 97, Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1067
VLEISSENTRAAL

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

**POSTNET HEILBRON**
**CRIMINAL RECORD CHECKS NOW AVAILABLE AT POSTNET HEILBRON**
· STANDARD - 24 TO 48 HOURS – R210.00
· PREMIUM - 5 HOURS – R255.00
· PRIORITY - 2 HOURS – R395.00
Please enquire in store for more information.
All pricing includes VAT. Terms and Conditions Apply.
POSTNET Digital
42 Els Street, (next to Heilbron Herald), Heilbron 9650
Tel: 058 853 0006
Email: heilbron@postnet.co.za • Website: https://heilbron.postnet.co.za

# SMALLS

# EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
Vir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

**WINKELURE**
**MAANDAE - DONDERDAE:** 07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE**: 08:30 - 13:00
Herald Office National
Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033

# TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**
***Menings en opinies uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

# HEILBRON KRIEKET SLAAN SHARPEVILLE VIR 'N SES

Heilbron se krieketspan begin hul Lions-liga met 'n groot oorwinning. Die Heilbronners het die loot gewen en besluit om eerste te kolf. Heilbron het 'n rekord van 277 lopies teen Sharpeville in 20 beurte aangeteken. Sharpeville het goed deurgeloop. Nadeem Malik teken 'n fantastiese 146 nie uit aan, en was die volle kolfbeurt onoorwonne. Anthony Best het uitgeblink met die bal en eindig met twee paaltjies vir 27 lopies. Heilbron speel die naweek om 14:00 weer by Hoërskool Heilbron teen Sasolburg.




the local choice Pharmacy & Clinic
PLATTELAND
IV BAR
NOU BESKIKBAAR BY PLATTELAND APTEEK
Vir die behandeling van:
• Artritis
• Moegheid
• Verkoue & Griep
Pryse vanaf R300
Dinsdae & Donderdae Kliniektye
063 721 4950 T 087 527 0723
E platteland@thelocalchoice.co.za
57 Wentworth Street, Wentworth Square, Heilbron

AfriForum
HOU 22 OKTOBER OOP!
AfriForum se Heilbron-tak hou 'n gholfdag!
Baie pryse te wen!
Kom deel in die pret.
Teken die datum aan en sorg dat jy dit nie misloop nie

Geestes-gesondheid
BEWUSMAKING
Ons emosionele, sielkundige en sosiale welstand is van kardinale belang. Dit beïnvloed hoe ons dink, voel en optree, asook hoe ons stres hanteer, met ander verband hou en keuses maak. Geestesgesondheid is belangrik in elke stadium van die lewe, van kinderjare en adolessensie tot volwassenheid.
Só ook kan ons geestesgesondheid ons fisies beïnvloed deur chronies simptome te veroorsaak.
Indien jy worstel... maak vandag jou afspraak!!
Dr. Joanita Steenkamp

Nappy Nation & Late-Nite Video Heilbron
Pleinstraat 38 | 38 Plein street
Special Deal
25% DISCOUNT ON ALL DIAPERS
VALID UNTIL 31 OCTOBER 2022

ANTRIO Dry Cleaners & Laundry
Dry Cleaning, Laundry And Minor Shoe Repairs
C/O PLEIN & CILLIERS STREET
082 344 7005
016 976 2019
WE COLLECT AND DELIVER INDUSTRIAL

Huis-Bron-van-Heil
BASAAR!
Kom kuier lekker saam!
Saterdag 29 Oktober 2022
Vanaf 09:00
• Kerrie-en-rys
• Koffie, tee en koeldrank
• Pannekoek
• Koektafel
• Nagereg
• Musiek
Braai-etes word vooraf bestel by Gerda Pieters
081 356 7575

VLEISSENTRAAL
DIE BESTE BOD
BESTUURDER
P.J. Müller 060 966 9340
AFSLAER
Ian Grobbelaar 060 965 6207
Frankfort/Roadside/Cornelia
Corjan de Jager 079 506 8777
Frankfort/Cornelia/Oranjeville/Roadside
Fanie vd Merwe 082 494 3127
Tweeling/Reitz/Petrus Steyn/Frankfort
David Gerber 082 489 7424
Villers/Cornelia/Grootvlei
Fanie vd Merwe (junior) 061 180 6802
Villiers/Cornelia/Grootvlei
Pula Giliomee 082 788 5338
Heilbron/Edenville/Oranjeville
Hugo Groenewald 082 569 7205
VLEISSENTRAAL JJ HADEBESTRAAT 97 FRANKFORT (Langs Bright Dienste)

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG - 17 OKTOBER 2022
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
DINSDAG - 18 OKTOBER 2022
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
WINBURG: BEREND DORMERS
15 SP ramme · 20 SP ooie
80 Komm. ooie
11:00, Winburg Veilingskrale
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835
FRANKFORT: FRANKFORT BONSMARAS TELERSGROEP VEILING: 28 Gereg. bulle
55 Komm. vroulike diere
9 Natuurlike poenskop bulle
11:00, VKB Veilingskrale
Kontak Quintin Antunes 084 504 1562
WOENSDAG - 19 OKTOBER 2022
KAALLAAGTE: FUTURE PLANT HIRE ALGEHELE UITVERKOPING
181 Brahman\Brahman X Beeste en Verskeie plaastoerusting.
11:00, Plaas Daniel, Kaallaagte
Kontak Willem Kruger 082 376 1539
BOTHAVILLE: MERGA SAVM STOET
35 SP ramme · 20 Stoet ooie
150 Komm. jong ooitjies
11:00, Kliplaatdrif, Bothaville
Kontak Theuns Barnard 082 374 2656
DONDERDAG - 20 OKTOBER 2022
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
DANIËLSRUS Kwaartaallikse veiling
Kontak Geyer Terblanche 072 564 6164
DE JAGERSDRIFT Maandelikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091
HARRISMITH: MANDY FARMING PRODUKSIEVEILING: 30 Bovelder bulle.
11:00, Wilgegund, Harrismith
Kontak John Campher 072 202 0160
VRYDAG - 21 OKTOBER 2022
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049
KROONSTAD: PRO GENEPOEL SAVM
135 Top SAVM skape
11:00, Kroon Boma, Kroonstad
Kontak Karel du Plessis 082 826 3244
SATERDAG - 22 OKTOBER 2022
FRANKFORT: LOUWCOE CHAROLAIS 10DE PRODUKSIEVEILING: 20 Bulle
10 Drag. stoetkoeie en Komm. vroulike diere
11:00, VKB Veilingskrale
Kontak Lourens Viljoen 082 334 4877
www.bkb.co.za
BKB Louwid 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830